# Suiderstrand-Vereniging

## Notule van die komiteevergadering van 3 Maart 2025

**1. Opening**

Die voorsitter het die teenwoordiges verwelkom.

**2. Bywoning en komiteeveranderinge**

2.1 *Teenwoordig*
Danie Schutte (Voorsitter)
Gerrit Posthumus (Brandbestrydingsbeampte)
Louis Lourens (Uittredende tesourier)
Johan Pienaar (Sekretaris)
Gawie du Toit (Ondervoorsitter)

2.2 A*pologie*
Tina du Plessis (Brandvoorkomingsbeampte)
Geoff Nichols (Bewaring)
Matilda Bester (Bemarking en kommunikasie; assistent-sekretaris)
Willem Nel (Tesourier)

**3. Notule van die vergadering van 3 Februarie 2025**

Eenparig goedgekeur.

**4. Bespreking van sake op die agenda**

4.1 *Brandwaentjie*

4.1.1 *Brandwaentjie.* Daar is nog steeds nie permanente staanplek vir die brand waentjie nie. Verskeie moontlikhede word bespreek soos die gebou in Blue Bay, skuiling aanbou by ablusieblok en die stoor wat aan die nasionale park behoort. KAM moet ook gekontak word word vir goedkeuring en hoor of hulle finansiële bydrae sal lewer. Die huis waar die brandwaentJie staan is in die mark so daar sal dringend ander staanplek gevind moet word. Die brand waentjie komitee moet besluit wat die beste opsie gaan wees.— Gerrit

4.2 *Finansies.* Die lêer wat die lidmaatskap forms en ander dokumente bevat sal aan Willem oorhandig word. Die huidige spreadsheet wat die finansies bevat moet aan Willem se vrou oorhandig word. Willem moet ook toegang tot die bankrekening en die banking app kry. - Louis
Gerhard sal die admin prosedures Willem verduidelik.

4.4 *Seketariaat.* Johann sal vir die tyd wat hy nog beskikbaar is die notule doen. Daar moet egter 'n permanente sekretaris gevind word. Daar word ook aan die lede attend gemaak van die databasis wat op die Google drive is. Die nuutste inligting oor lede en betaling word daar aangedui - Johann

4.5 *Kommunikasie en bemarking.*
*Daar word terugvoer gegee oor die meningsopname oor die borde.*

4.5.1 *Inligtingsborde*. Al die borde is goedgekeur deur die stemming behalwe die een by die lighuis en die een wat die reëls bevat. Geoff sal ook 'n dammetjie uitlê by die ingang tot Suiderstrand. Danie het die stadsraad genader vir toestemming. Hy het ook toestemming gevra om pale wat oral staan te verwyder. Danie sal met Jaco praat oor die font wat gebruik moet word op die borde.

## 5 Brief van Schalk en Gawie

Daar word besluit om Schalk uit te nooi na die volgende vergadering. Die aangeleentheid oor lidmaatskap van die vereniging sal dan bespreek word.

## 6. T-hemde

Danie het op die vorige vergadering voorgestel dat daar t-hemde gedruk moet word. Hy het tien hemde laat druk as voorbeeld van hoe die hemde kan lyk. Die 10 hemde wat Danie laat druk het kan teen R 180 per hemp by hom gekoop word.

## 7 Ander sake

*7.1 Jockey wheel vir brandwaentjie*

Die Jockey wheel op die brandwaentjie is stukkend. Gerrit sal dit deur Takealot vervang vir R 1700 en die koste van die vereniging eis.

*7.2 Battery vir radio*

Een van die drie radio's het nie 'n battery nie. Daar kan 'n radio bekom word deur Battery Experts vir R 550. Gerrit sal dit bestel en die koste eis.

*7.3 Rooikrans bome*

Gerrit en Schalk het 'n opname gedoen oor die Rooikrans bome in Suiderstrand wat kategorie 1 indringer is. Om deur KAM te werk sal maande duur. Hulle wil nou die eienaars direk kontak om hul te vra of die groot Rooikrans bome op hulle erwe verwyder kan word. Die hout kan opgekap en verkoop word.

## 8. Volgende vergadering

12 Mei 2025 om 16h00.

Notule voorberei deur Johann Pienaar (sekretaris ) op . . . . . . . . . . . . . . . . . . Geteken: . . . . . . . . . . . . . . .

Notule bevestig deur die voorsitter, Danie Schutte op . . . . . . . . . . . . . . . . . . Geteken: . . . . . . . . . . . . . . .